Slaagvereistes vir Graad 9

Jy moet aan die volgende vereistes voldoen om graad 9 te slaag:

Die tabel (Figuur 1) toon die minimum vereistes.

Vak	Minimum vereiste	
	Vlak	%
Huistaal	4	50
Eerste Addisionele Taal	3	40
Wiskunde	3	40
Enige drie ander vakke	3	40
Enige twee ander vakke	2	30

Tabel 2 (Figuur 2) gee die moontlike vlakke van prestasie

Prestasievlak	Prestasiebeskrywing	%
7	Uitmuntende prestasie	80 – 100
6	Verdienstelike prestasie	70 – 79
5	Beduidende prestasie	60 – 69
4	Voldoende prestasie	50 – 59
3	Matige prestasie	40 – 49
2	Basiese prestasie	30 – 39
1	Ontoereikend	0 – 29

Stel doelwitte om graad 9 te slaag:

Kies jou graad 10 vakke op die basis van die vakke waarin jy beter punte behaal het. Jy kan dit oorweeg om met die voltooiing van graad 9 'n VOO kollege by te woon.

1. Stel jou doelwitte hoër as die minimumvereistes. In Huistaal, byvoorbeeld is die minimum vereiste 50% om te slaag, maar jy kan jou doelwit op 60% of hoër stel om seker te maak jy het 'n veiligheidsgrens.
2. As jy met Wiskunde sukkel en dit in graad 10 wil neem, oorweeg 'n mikpunt van ten minste 50%, anders mag jy verplig wees om Wiskundige Geletterdheid te neem. Om sukses in Wiskunde te behaal, moet jy hard werk.
3. Voltooi al die formele assesseringstake of skoolgebasseerde assessering in al jou vakke. Aan die einde van jou graad 9-jaar sal die eksamen 60% van die totale punt vir elke vak tel. Die ander 40% sal kom van jou jaarpunte vir jou skoolgebaseerde assesserings.

Sterkte graad 9-leerders. Geniet julle studies!